

REFORMASIE 500 (Artikel 9): “EK KIES CHRISTUS EN DIE KRUIS!”

Volgens oorlewering het Martin Luther sy **95 stelling** teen die Katolieke Kerk op 31 Oktober 1517 teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker.

Die dokument, wat in Latyn geskryf was, is ook aan Albert, die aartsbiskop van Mainz gestuur. Luther het versoek dat die aartsbiskop sy stelling aan die Skrif toets en dat die verkoop van aflaatbriewe onmiddellik stopgesit moes word.

Verskeie kopieë is deur Johann Grüenburg van Wittenberg gedruk en die 95 stellinge is binne dae in Duits vertaal. Dit het soos 'n veldbrand oor die hele Europa versprei en na 'n maand was dit ook in Engeland beskikbaar.

Reaksie uit kerk en staat het toegeneem namate minder en minder aflaatbriewe verkoop is. Dit het gou duidelik geword dat Luther se standpunte groot finansiële verliese vir die kerk en staat tot gevolg gehad het.

Alhoewel hy die kerk en teoloë van sy tyd in die 95 stellinge uitgedaag het, was daar veel meer op die spel. Die hele Middeleeuse skema van verlossing soos wat die skolastici dit uitgewerk het en die kerk dit verkondig het, het onder verdenking gekom.

Luther se fundamentele vrae oor die aard van bekering, vergifnis en verlossing het verder nie net die kerk uitgedaag nie, maar ook die hele finansiële stelsel van Europa tot in sy wese geskud.

Die hooffokus van sy kritiek word in die eerste stelling reeds duidelik: “Toe ons Here en Meester Jesus Christus gesê het: ‘Bekeer julle’ (Matt 4:17) het Hy daarmee bedoel dat die hele lewe van 'n gelowige 'n lewe van bekering moet wees.”

Luther was van mening dat sondaars wat op aflaatbriewe staatgemaak het vir vergifnis, in so 'n mate deur die kerk mislei is, dat hulle vir ewig verlore was. Hy het die aflaatbriewe verder vergelyk met nette waarmee rykdom vir sommige mense ten koste van ander “gevang” is.

Luther het sy standpunt verder soos volg verwoord: **“Dit is duidelik: Hy wat Christus nie ken nie, ken nie die God wat in lyding weggesteek is nie. Daarom kies hy goeie werke bo lyding, heerlikheid bo die kruis, mag bo swaakheid, wysheid bo dwaasheid en in die algemeen goedheid bo boosheid.** Hierdie is die mense wat die apostel ‘vyande van die kruis van Christus’ noem want hulle haat die kruis en lyding en het goeie werke en die heerlikheid van goeie werke lief.”

Luther het opnuut onherroeplik vir Christus en die kruis gekies en so die geskiedenis van die kerk op 'n nuwe pad geplaas.

Geskryf deur Prof. Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

RIETFLUIT KERSUITGAWE

KERSGROETE en SEËNWENSE

Liewe broer/suster in die geloof

2017 was 'n lang, vol, besige, interessante jaar. Genadiglik was daar nie net pyn, operasies en hartseer nie, maar ook die **vreugdes** van verjaarsdae, geboortes en (nuwe/ander) werks- en inkomstegeleent-hede.

Mag dit so wees dat u die Here se seën beleef in al die dinge wat u nog wil doen en afhandel voor 31 Desember, asook in al die dinge wat u in die nuwe jaar wil aanpak. Ons mag droom en beplan vir die nuwe jaar, maar natuurlik met die wete dat alhoewel ons wik, God die Een is wat beskik.

Mag u 'n Geseënde Christusfees beleef, en daarby ook 'n **geseënde 2018**. Met u hand in God se hand, kan u met vrymoedigheid die nuwe jaar instap.

Mag ons as gemeente **saam** die nuwe jaar met groot verwagting binnetree. Vanjaar was ons Jaartema **Saam gee ons om, en in 2018 volg ons dit op met Saam volg ons Christus.**

Groete in Christus

Leon en Monique, Leon en Chrissie, Petro, en Albert





DATUMS VAN BELANG



- ♦ **16 Des:** Geloofte-/ Versoeningsdiens @ 9:00 (dr Dawie Theron)
 - ♦ **25 Des:** Kersdiens (Ds Leon van Heerden)
 - ♦ **31 Des:** Oujaarsdiens@ 18:00 (Ds Leon van Heerden)
Let wel: daar is 'n oggenddiens om 9:00
 - ♦ **16 Jan:** Doopkategese @ 18:30 (vir ouers wat vooraf by die kerkkantoor geregistreer het)
 - ♦ **17 Jan:** Skole open;
 - ♦ **21 Jan:** 09:00 Kleuterkerk en kategese (3jr - graad 7) begin in saal, asook Aanddienste en Jeuggroepe begin
 - ♦ **23 Jan:** 10:00 Omgeegroepes (Tait-vir-Jesus en 20ste Laan Bybelstudie) begin
 - ♦ **24 Jan:** 10:00 Kuierhoekie begin
 - ♦ **28 Jan:** 09:00 Nagmaal met gemeente-tee daarna
 - ♦ **29 - 31 Jan:** Week van Gebed om 18:30
 - ♦ **2 Feb:** Geesbounaweek
 - ♦ **4 Feb:** Sangdiens met Dr Johan Pienaar
- LET WEL: Desembermaand: geen aanddienste. Aanddienste begin eers weer 21 Januarie 2018**



KERSFEESTYD

'n Kort oordenking aangaande Kersfees.

Deur Stephan Joubert vir E-kerk.

Kersfees gebeur anders by mense wat Jesus navolg. Ja, sy mense gee ook geskenke weg aan diegene wat naby aan hulle is, maar hulle doen meer as dit. Hulle gee altyd ook iets van hulleself weg.

Kerstyd is 'n tyd van deernis. Dis die tyd dat Jesus se volgelinge diegene raaksien wat nie kos op hulle tafels het, en niemand om vir hulle goed te wees nie. Dis die tyd dat sy mense 'n kruk word vir diegene wat deur die lewe mank geslaan is. Kerstyd is omgee-tyd, tranes-afdroog-tyd, selfgee-tyd.

Jesus se soort Kersfees verander sy volgelinge in ligte vir die donker wêreld. Dit verander God se kinders in noodhulpwerkers wat stukkies genadebrood, en regte brood ook, rondom hulle uitdeel.

Mag jy in hierdie Kersfeestyd Jesus se wonderlike geskenke ontvang. Mag jy dit ook gaan deel met almal rondom jou! Want daar's heeltemal te veel in jou hemelse eie Kersgeskenk om alles self op te gebruik.

Die Christuskind is die hart van Kersfees. By die krip in die stal klop God se liefde sigbaar. Gaan staan asseblief in Kerstyd by sy krip stil. Sien vir Jesus raak: **God se grootste Geskenk ooit aan sy wêreld.**

Ook aan jou; spesiaal vir jou! Gaan vier Kersfees aan sy voete.





God wil vandag vir jou sê:
"My kind, Ek is die kalmte van die see,
Ek is die lafenis vir jou siel,
Ek is die rots in jou lewe,
Ek is die begin van jou hart,
Wees gerus, want ek het jou lief.
Ek is in beheer van alles"

BELASTING KONSULTANT



Het u rekenkundige of belasting probleme?
Verskaf ook ekstra rekeningkunde klasse
(Dosent vir 36 jaar)
Kontak vir Willie Spies by 012 331 2122
of 076 565 9413

DIENSGETUIENIS-BEDIENING

SENDINGFEES 2018

18 - 25 Februarie met onder andere:

Andries Schwartz van Mosambiek en

Johan Naude van Laudiumuitreike.

Vrydag 23 Februarie 18:30 SENDINGETE



KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlik saam,
Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes.
Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.
Kom maak jou musiek-droom waar!
Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

LIDMAAT-BEDIENING

Baie welkom aan die nuwe Lidmate van 22 Oktober 2017

Sheldon en Geraldine Dold en Jacobus en Lindi de Beer



BOOMSLOPING & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by 083 656 4992
www.treecarepta.co.za